

Maandag 5 November

Skrifgedeelte: Haggai 2:6-9

Fokusgedeelte: Haggai 2:9

Die Here die Almagtige sal aan jou vrede gee

Die belofte van vrede word aan die volk van die Here gegee. Die aansporing tot die bou van die tempel lê nog vars in die ore van die volk en steeds staan hulle en wonder of hulle met die bouery gaan begin. Hulle eie huise kom dan nou so mooi aan, en die lewe in die stad en land begin weer soos hulle eie lyk ná die lang jare in ballingskap.

Die Here roep hulle egter tot verantwoording, Hy wil weer onder sy volk kom woon, maar daar is nie vir Hom 'n plek gereedgemaak nie. Dan gee Hy die woorde wat elke mens in sy wese laat skud. God gaan die aarde in sy fundamente laat skud en almal gaan aan Hom eer bewys en skatte na sy tempel bring om Hom te eer. Die verering van God sal groter en meer wees as tevore, want die tempel van God onder die volk sal heerliker wees as ooit tevore.

Hier vind ons die heenwysing na die koms van Christus. Hy wat die wêreld aan sy fundamente gaan skud, wat die wêreld tot orde en verantwoording sal roep. Ons wat die volle openbaring van God in die Nuwe Testament besit, weet dat Jesus deur God gestuur is vir die redding en die herlewing van die mensdom se eer aan God. Hy is die tempel wat heerliker sal wees as enige mens-geboude tempel.

Skroom jy dalk nog om met die bouwerk aan God se tempel in jou hart te begin of dit dalk voort te sit? Laat staan jou eie belange en plaas God heel bo-aan die lys van prioriteite. Aan God sal al die roem en eer gegee word wanneer Hy dit kom opeis van die skepping sodra Christus weer op die wolke terugkeer. God belooft vrede aan sy volk en sy kinders wat aan Hom in eerbied lof bring; hulle wat verlossing van hulle sondige bestaan in Christus bely. Ontvang dan die vrede van die Here die Almagtige in en deur sy Seun, die tempel van God onder sy volk.

Sing: Psalm 150-1:1, 3

Teologiese Student HM (Herman) Stavast